

Reeks: Dis waarom dit gaan

Titel: ... Om God lief te hê

Prediker: Johan Geysler

Datum: 8 Januarie 2012

Ons almal het idees oor wat die ware lewe behels. Party van ons se idee is baie duidelik. Ander van ons het net 'n vae aanvoeling van wat die ware, eintlike lewe behels. Hierdie idee is kragtig in ons aan die werk. Dit vorm ons drome. Dit gee vir ons begeertes. Dit laat ons besluite neem, groot besluite, etiese besluite. Amper al jou besluite word op een of ander manier geraak deur hierdie idee wat jy het oor die lewe, en as jy nie weet wat dit is nie, dis 'n goeie vraag om mee te loop. Ek sal regtig gelukkig wees as... as wat gebeur?

Jesus het ook 'n idee gehad van wat die ware lewe behels, en Hy deel dit. Hy sê vir 'n jong man wat na Hom toe kom, Lukas 10, dit lyk of hy in 'n midlife crisis was. Hy is baie suksesvol in sy besigheid, hy het aansien in die gemeenskap. hy het 'n goeie lewe geleef, hy is godsdienstig, maar hy is nie vervuld nie. En ek dink as ander na hom kyk sal hulle sê, wat is fout met die ou? Hy het alles, wat is verkeerd met hom? Maar hy sê net daar is iets missing, en hy vra vir Jesus, en Jesus sê, as jy die Here jou God liefhet met jou hele hart, jou siel, jou verstand, jou krag, en jy het ander mense so lief soos jy jouself liefhet, dan sal jy lewe. Hy sê vir hom, gaan doen jy dit en jy sal lewe.

Jesus gee vir ons die bottom line van die lewe. Hy sê vir ons dis waarom die hele Bybel gaan. Dis waarom dit gaan, in een sin opgesom. Liefde, dis wat dit is. Ons het 'n hele paar aforismes, sulke kort, een sin stelling wat baie algemeen in die kultuur van die gemeente oor die jare na vore gekom het, gebore uit hierdie diep oortuiging dat alles oor liefde gaan. Goed soos, jy is net so gelukkig as wat jy is in jou verhoudings.

Dis liefdesverhoudings. Dis wat... dit... jy het seergekry in verhouding. Dis ook die enigste plek waar jou genesing lê. In verhouding. Dis liefde. Dis waarom alles gaan. Daar is niks belangriker as liefde nie. Dis die kern in die hart van die Christelike geloof dat jy God moet liefhê meer as enige iets anderster in hierdie lewe. Anderster het jy 'n afgod. En dis die eerste goed. Jy mag geen ander gode hê nie.

Jesus vra vir Petrus, Petrus, sê vir My, het... do you love Me more than these? Het jy my meer lief as jou werk, as jou lewenstyl, as die plek waar jy werk, as die bote, as die visvang, as jou vriende, as jou huis, as jou... het jy my meer lief? Want dis wat Ek wil hê. Dis hoe Ek jou gemaak het. Dis hoe jy sal lewe, as jy kan liefhê.

Ek het nie gedink dis die belangrikste ding nie. In die kerk waarin ek grootgeword het het ek die gevoel gekry die belangrikste ding is om reg te wees, is om die regte geloof te hê. Ek meen, dis al wat ons gedoen het as ons kerk toe gaan. Daardie kerk is verkeerd. Moenie dit doen nie. Dis hoe jy doop. Dis verkeerd. Maak so. Moenie so... dit gaan net oor reg wees. My groot skok was by aanneming, toe die enigste opregte ou in ons klas nie krip nie, en nie deurkom nie, en nie aangeneem word nie.

Ek was nie 'n Christen nie. Ek het gekrip. Ek het afgeskryf. Ek het die boek oop gehad. Dominee het daar voor gesit en koerant lees en, o, dis wat hy vra, en ek het 'n onderskeiding gekry en ek is aangeneem, ek is reg. Ek weet, ek ken die antwoorde, maar ek wonder of ons 'n dogmatiese toets by die poort gaan aflê voor ons sal kan ingaan eendag. Gaan ons daar kom en dan gaan Petrus sê, o, hierdie een oor die doop, maar jy... dis te min water. Jy gaan nie... nee, sorry, jy kan nie ingaan nie.

Nee, dit gaan nie oor dit nie. Dit gaan nie oor wat jy weet nie. Dit gaan of jy... toe dink ek... later het ek gedink, okay, dit gaan nie oor of jy weet wat is reg en wat is nie reg nie, jy weet, want die ander vraag was mag ek dans, mag ek nie, mag 'n vrou, mag 'n vrou nie, jy weet, dis al daardie vrae die heelyd. Dis nie waarom dit gaan nie. Okay, dit gaan oor gehoorsaamheid. Dit gaan om te doen wat jy weet. Dis waarom dit gaan. Dis die bottom line.

Toe ek in die weernag was het ek presies gedoen wat my korporaal vir my gesê het om te doen. Daar was geen liefde nie. Inteendeel, ek en my vriende het hom gediagnoseer. Hy het 'n groot emosionele probleem gehad. Hulle noem dit kortmansindroom. Hy was net so 'n klein korporaal, maar giftig, hoor. Ons het gedroom wat ons aan hom gaan doen as die weermag eendag verby is en ons kry hom op straat.



Jy kan gehoorsaam wees sonder... jy kan gehoorsaam wees terwyl jy haat. Die grootste en die belangrikste is om lief te hê. Daar is niks groter as dit nie. Nou, jy weet, hierdie opdrag van Jesus kan so verkeerd verstaan word. Dit kan gedink... kyk, wat ek probeer sê is dis die pad na die lewe toe. Dis hoe jy gemaak is. Dis hoe ons gemaak is, om lief te hê, en as jy God liefhet, sê Jesus, dan gaan jy begin lewe. Dis nie die ontneming van vryheid en vervulling nie, dis die pad daartoe. Dis wat Jesus sê.

Maar om dit te kan doen, hoe doen 'n mens dit, so ek wil nie soseer oor wat is dit nie en hoekom ons dit moet nie, maar wat... hoe kan ons dit doen? Nou, hier is die groot idee van die kerk van die begin van die kerk af. Duidelik in die skrifte, duidelik kom dit deur die apostels en Paulus se lering na vore. Om God lief te hê is nie soseer 'n aksie nie as 'n reaksie. Jy kan God net liefhê as jy Hom leer ken.

Jy het Hom nie lief as jy Hom ontmoet nie. Jy het nie hom lief as... noodwendig as jy... jy is beïndruk met Hom, jy is oorweldig met Hom, jy is gefassineer met... jy is baie goed, maar jy het Hom nog nie lief nie. Liefde is 'n proses. Jy groei in dit, en jy het nodig om Hom te leer ken. Jy moet agterkom wie Hy is, want dalk as jy agterkom wie Hy is gaan jy nie baie van Hom hou nie. Dan kan jy lief raak vir Hom. Jy moet Sy liefde ervaar, en jou antwoord op daardie liefde sal liefde wees.

Johannes sê ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het, en dis een van die grootste gebeure vir my in die Nuwe Testament, is Efesiërs 3, waar Paulus juis bid. Hy sê ek bid net dat julle die liefde van God sal ervaar. Kom ons lees dit. Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van ons Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde Sy naam ontvang, dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van Sy heerlikheid om met krag versterk te word deur Sy gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, en nou, en nou bid ek dat julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, dat julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte, die lengte, die diepte en die hoogte is, en die liefde van Christus te ken, wat kennis oortref.

Let mooi daarom; en bid dat julle sal begryp en ek bid dat julle sal ken sodat julle vervul kan word tot die volheid van God, en dis asof 'n ou sê, ontmoontlik aan Hom, wat mag het om te doen vêr bo alles wat jy bid of dink volgens die krag wat in Hom werk. Aan Hom die heerlikheid en die gemeente in Christus Jesus deur al die geslagte tot in ewigheid, amen.

Paulus sê vir ons drie goed oor die liefde van God. Hy praat oor die realiteit van 'n ervaring, hy gee vir ons iets van die aard van daardie ervaring, en dan sê hy vir ons iets van die pad na daardie ervaring toe, die realiteit van die ervaring dat God jou liefhet, nie abstrak oor liefde nie. Hy gebruik twee woorde: ken, en begryp. Dis waarvoor hy bid vir Christene. Ginosko; ken, katalambano; begryp, is twee interessante woorde wat eintlik moeilik is om te vertaal, en jy kom dit agter...

As jy agterkom 'n woord word in ander vertalings heeltemal anderster vertaal, dan moet jy weet ons het probleme met hierdie woord, en hierdie is twee van daardie woorde. Ken beteken nie kennisname nie. Dis hoekom die Amplified vertaling sê, get to practically know for yourself through experience. Ek kan nie sê ek ken Mandela nie. As jy net sy hand geskud het en vir hom gesien het of 'n boek van hom gelees het, jy ken hom nie. Jy ken hom as jy saam met hom bly, as jy meer van sy binnekant verstaan. Dit is ken. Ken deur ervaring, deur ondervinding, dan ken jy hom.

Katalambano is om... of die een woordeboek sê, is to be captured by. Dit is om heeltemal opgeneem te wees, dis om... dis om baie meer as om te sien of om te verstaan. Dis om insig te hê, dis om aangegryp te wees deur iets. Paulus gebruik die woord in Handeling 10:34 in die... nie Paulus, Lukas, die skrywer van die boek Handeling. Hy praat van Petrus se bekering. Petrus was 'n rassie. Ja, teoreties het hy gesê, ja, God het almal lief en alles, tot hy die gesig het van die doek wat uir die hemel uit sak en iets gebeur met hom en nou sê hy... in die ou vertaling sê hy, nou sien ek dat God nie 'n aannemer van persoon is nie.

Ek sien, nou katalambano ek, jy weet. Ek het dit geweet, ja, hier bo, maar dit het nie my lewe geraak nie. Dit het my nie eintlik beïnvloed nie. Nou is ek... 'n negatiewe voorbeeld, prakties, uit die lewe uit. Ek praat met iemand wat vir my sê... ek sê vir hom jy is darem maar vreeslik gedryf en jy het soveel bereik in die lewe. Gaan jy eendag tot ruste kom? Toe sê hy vir my, jong, weet jy, my pa het vir my gesê toe ek 'n klein seuntjie was, jy gaan nêrens kom in die lewe nie, en toe hy dit sê, hy is 50 jaar oud, toe kry hy trane in sy oë, en sy pa is al dood. Hy is gekatalambano.



Daardie woorde leef in hom. Daardie woorde het hom aangegryp, dis diep in hom in. In sy psige het dit gaan sit, en dit lê in hom. Hy is gekatalambano. Paulus sê dis waarvoor ek bid vir julle met die liefde van Jesus. Hy bid dit vir Christene, jy weet. Hy bid... ons kyk nou nie na daardie gedeelte van die gebed nie, dat hulle met krag versterk sal word, dat Christus in hulle harte... maar Christus woon klaar in jou hart.

Ja, maar weet jy dit? Beleef jy dit? Ken jy dit? Jy het kennis geneem van dit. Ek vra nie vir jou weet jy dit teoreties nie. Ek vra vir jou, weet jy dit deur ervaring en deur ondervinding? Weet jy dit op daardie manier? En dis hoekom... en jy weet, en hierdie liefde het dimensies. Hy is breed. Hy sluit almal in. Hy is diep. Dit maak nie saak wat jy gedoen het nie, hoe diep jy ookal geval het, baie diep haal Hy jou uit. Hierdie liefde het 'n hoogte. Dis so groot jy kan nie oor dit kom nie. Jy kan nie oor dit kom nie.

Johannes 17:23, sê Jesus, Ek bid nou, Vader, dat hulle sal weet dat U hulle net so liefhet as wat U My liefhet. Die Vader het jou so lief as wat Hy Jesus liefhet. Ons kan nie soontoe gaan nie. Weet jy, toe ek dit lees toe dink ek ek het nog nooit gehoor dat 'n predikant dit in my hele lewe vir my sê nie. Dit staan in die Bybel. Hoekom nie? Dis bietjie farfetched. Dis bietjie groot. Dis verskriklik, maar dis hoe dit is. Dis hoog, dis lank, die lengte, dit hou nie op nie.

Die profeet Jeremia sê, Jeremia 31:3, dat God ons liefhet met 'n ewige liefde. Jy weet, ewig beteken dit het nie 'n begin nie, dit het nie 'n einde nie. Dit beteken as hy nie 'n begin het nie het hy ook nie 'n oorsaak nie, maar dis hoe God ons liefhet. Hy sê so moenie dink jy weet nie. Jy weet, maar jy weet nog nie. Jy moet groei in dit, want dis so geweldig en dis so belangrik, want dit is waarin Hy sê julle gewortel en gegrond is.

Dis jou grond. Dis waaruit jy sal groei. Dis waaruit jy gevoed sal word. Hy gebruik die metafoor van 'n saadjie. Jy is soos 'n saadjie en jou grond is die liefde, jou wortels is die... jy moet wortel skiet in die liefde. Dis waaruit jy jou voeding moet trek en jou voeding moet haal, jou lewe uit moet kry, die liefde. Kyk, dis moontlik om dit in ander plekke te kry, ander dimensies van God. Jy kan die krag van God ken maar jy ken nie die liefde nie.

Die dissipels was op so 'n plek. Here, ons is so bly, ons jaag duiwels uit U naam uit. Ons maak die siekes gesond. Hy sê moenie daarvoor bly wees nie. Dan loop hulle en hulle baklei onder mekaar wie is die belangrikste. Nie een van hulle wil mekaar se voete was nie, sal oor mekaar se voete val om Jesus se voete te was, net nie mekaar se voete nie. Maar Jesus sê as jy dit aan mekaar doen dan doen jy dit aan My. As jy dit nie aan die ander wil doen nie doen jy dit nie aan My. Julle ken nie die liefde nie. Julle ken die krag.

Jesus leer, Matteus 7, daar gaan baie kom en sê in My naam het ons sulke groot goed gedoen. Julle het die krag geken. Julle het in die gawes geopereer, maar julle het niks van die vrug geopenbaar nie, en gesê daar was nie 'n verhouding nie. Ons was nie diep connected met mekaar nie, so dis moontlik dat jy die goed kan skei van mekaar. Die realiteit van hierdie ervaring is groot. Daar is so iets, en dis iets vir Christene, na bekering, na doping met die Heilige Gees, na doop, na wat ookal, vir Christene, 'n belewenis en 'n ervaring, en Paulus bid vir hulle daarvoor.

En nou, die aard van hierdie ervaring: twee goed. Die aard van hierdie ervaring. In die eerste plek, dis 'n holistiese ding. Paulus bid. Hy sê, ek buig my knieë. As jy die Bybel lees, in daardie tyd het jy nie jou knieë gebuig as jy bid nie. Jy het gestaan, Lukas 18, en jy het ook toevallig ook nie jou oë toegemaak nie. Dis twee gebruike wat heelwat later in die kerk na vore gekom het, en Paulus sê met ander woorde, ek is nou so emosioneel oorweldig deur hierdie realiteite wat ek nou vir julle gedeel het dat ek sak op my knieë, maar tog skryf hy 'n baie logiese gebed.

Dis nie rasioneel, intellektueel, teenoor emosioneel, passievol nie. Dis saam. Dis insluitend. Jesus sê ook jy moet liefhê met jou hart, en ek het vir jou die woorde op die aantekening gegee wat in die Grieks is net om meer aan te dui dat dit verskillende aspekte, dimensies van menswees insluit. Jou hart, jou siel, wat bietjie moeilik is presies om vir ons te verstaan wat Jesus daarby bedoel, het, maar wat ons wel weet dit insluit is jou emosies, jou wil, jou passie, jou innerlike wêreld. Dan ook met jou verstand, jou intellek, jou denke, maar dan ook met jou krag, jou fisiese krag wat jy God moet liefhê, met jou hart, jou hande en hoof. Nie met een van hierdie nie.

Hier is die probleem: dat ons almal 'n persoonlikheid het, en persoonlikheid beteken dat hierdie verskillende aspekte van menswees op 'n unieke manier by jou bymekaarkom en dat jy 'n sekere oriëntasie het, en dat daar 'n geneigdheid is by almal dat een van hierdie aspekte dominant raak, soos byvoorbeeld die intellek. Ek vind God deur my intellek. Dit moet sin maak. Ek moet dit verstaan. Wanneer ek gestimuleer word op hierdie manier word my gedagtes die primêre geleier na God toe.



Jy kry mense wat sê, nee, ek moet dit voel. Ek... as ek nie... as daar nie emosie is nie... nou het ons in die kerke gekry vandag dat nou een of ander kant toe gaan nie, huh? Jy kry die intellektuele kerke. Ons sing gou-gou klaar want ons sing is ook so... sulke lang goed wat jy sing. Dis net inhoud. Dis net inhoud, en dan preek die ou so lank en hy het 66 verse, en dis net kop. Dis net jy word gestimuleer. Dan kom jy die kerk van vergeet. Niks maak sin hier nie. Inteendeel, ons wil nie hê dit moet sin maak nie. Dis vir ons 'n aanduiding dat die Here hier is as dit nie sin maak nie. Het jy dit gevoel? Het jy omgeval, jy weet? Is dit nie? Dis die belewenis.

Dan kry jy ouens wat sê dit gaan net oor doen. Jy weet, ons bymekaarkom is nie so belangrik nie. Ons hoef niks te sê nie. Kom ons gebruik die nagmaal en ons... maar wat... is mense. Ons moet dinge doen. Menseregte. Kom ons maak... maar Hy sê jy moet alles insluit. Ons haal goed die heelyd uitmekaar uit. Dis die wêreld waarin ons leef, jy weet, ons akademiese wêreld. Alles... nee, jy kan nie dit... dis sielkunde. Dit is vir die dokter. Nee, dit is vir die predikant. Kyk, en daar bestaan eintlik nie sulke probleme nie, nê.

Het ky al van 'n fisiese probleem gehoor? Daar is nie so 'n ding soos 'n fisiese probleem nie. Ons kan dit illustreer vandag hierso. Ek sal bloot fisies iets aan jou doen, dan kyk ons of dit fisies bly. Jy gaan 'n emosionele reaksie hê, en as ek dit erg aan jou doen kan jy dalk die tydelike met die ewige verwissel. Jy gaan 'n intense geestelike belewenis hê.

Ons is een, en dis die Bybelse idee van die mens, maar die wêreld waarin ons leef... ek lees die boekie, Chicken Soup for the Soul. U ken dit. Dit het 25 miljoen verkoop. Canfield sê in die inleiding, hy sê die doel van hierdie boekie is om suiwer spiritualiteit daar te stel. Die probleem vandag is dat ons kry te veel moraliteit en te min spiritualiteit. Hy wil moraliteit uithaal en net spiritualiteit gee. Ek weet van wat hy praat. Hy praat van die kerk.

Ja, en dit is so, baie kerke is net moraliteit, nê. Jy mag nie, moenie, joe, o, dis al waaroor dit gaan. Daar is nie spiritualiteit nie. Maar hoort die goed bymekaar of moet ons dit uitmekaar uit haal? Is dit goed wat apart hoort? Paulus sê dis 'n geheel mens, en deel van ons geestelike groei in die weg saam met God is juis om te integreer. Ja, jou pathway, jou primêre toegangsroete tot God is dalk deur die intellek, maar weet jy wat, jy is nie volledig mens as jy net daardie pad stap nie. Jy moet die ander aspekte van jou menswees ontdek, vind, ontgin en integreer, sodat jy met jou verstand en met jou hart en met jou siel en met jou krag God kan liefhê.

Die tweede groot ding, hierdie ervaring is 'n misterie. Misterie beteken dis iets wat nie volledig verstaan kan word en verklaar kan word nie. Paulus sê ek bid dat jy die liefde van Christus sal beleef en ervaar wat kennis oortref, sodat jy vervul kan word tot die volheid van God. Misterie. Misterie. Baie kan nie misterie vat nie. Daar word... daar is ouens wat alles moet verklaar en verstaan en uit mekaar uit trek, en daar is selfs ouens wat sê, nee, dis mistiek, trek 'n streep daardeur. God is 'n misterie. Trek 'n streep deur God. Nee, hulle verstaan God volkome. Jy kan nie, so jy moet 'n misterie... jy moet 'n openheid hê. Jy moet 'n gewilligheid hê om te glo, om te stap op 'n terrein en 'n pad wat jy niks van weet nie.

Ons almal het mistieke ervaringe op een of ander... die geboorte van 'n kind is een van hulle, nê. Kyk, as jy so banaal is, wil ek sê, dis 'n erge woord wat ek wil gebruik, om net die geboorte van 'n kind fisiologies te verklaar, daar is baie meer as dit, en ek dink ons voel dit aan by die geboorte van 'n kind. Daar is magic. Ons kry dit in die natuur partykeer, wat jy... mense, ek voel net so klein. Dis is... jy is oorweldig met die grootte, die omvang, en diep in jou is daar 'n bewussyn van ek kan dit nie begryp nie. Ek kan dit nie verstaan nie.

Ek verstaan iets daarvan, maar ek weet dis net 'n klein bietjie. Hierdie ding is te groot vir my. Hy is te groot vir my, en dit is hoe die belewenis en die ervaring van die liefde van God is. Dit beteken nie jy mag nie probeer verstaan nie. Ons moet probeer verstaan, want ons moet Hom liefhê met ons hele verstand, nie sonder ons hele verstand nie, maar dit... jy moet net besef dit is so beperk, want hoe beskryf jy dit?

Hier is woorde wat ons probeer gebruik. Ons probeer sê, ek het dit gevoel. Ander sê weer, ek het net geweet. Dis net asof ek skielik weet. Dis asof ek bewus raak. Daar het 'n vrede oor my gekom. Dit was net skielik wat ek geweet het ek is okay en alles is nou okay. Ons kry nie altyd woorde daarvoor nie, maar dit neem nie weg dat hierdie ervaring riep is en eg is en groot is en belangrik is nie. Jy word opgeneem. Party van ons kan selfs 'n ekstatische belewenis en 'n ervaring hê waarin jy meegevoer word, emosioneel oorweldig kan word, net deur die bewussyn dat God jou liefhet.

Omdat dit 'n misterie is is dit iets wat jy nie net een keer beleef nie. En Paulus se gebed is ook nie net, ek bid nou as jy hierdie ervaring het, tick hom af dan het jy hom nie. Dit gaan oor 'n journey, 'n pad, om gedurig terug te gaan



na hierdie plek toe en hierdie ervaring toe, om hierdie wete te bevestig en hierdie bewussyn te laat groei dat God jou baie liefhet en dat Hy vir jou is.

Wat is die pad na hierdie ervaring toe? Wel, deur die Woord, dis die eerste ding. Paulus sê, om hierdie rede buig ek my knieë. Watter rede? Hy gee dit vir ons in hoofstuk een en twee, en baie interessant, hoofstuk drie, vers een, toe sê hy om hierdie rede, toe val iets hom weer by, toe gaan hy weer terug en toe skryf hy nou eers weer 'n paar feite neer voordat hy terugkom na hierdie rede toe, so as 'n predikant sy draad verloor is dit Bybels.

Party mense raak so ongemaklik daarmee. Hy het weer net so rondgedwaal vanmôre, jy weet. Dis net in die Bybel. Dis hoekom dit so is. Maar wat is die... hy sê, vers vier, julle is voor die grondlegging van hierdie wêreld af, is julle uitverkies in Christus Jesus. Hy sê, en toe het Hy julle aangeneem as Sy kinders. Hy sê, en toe is julle gebegenadig in die geliefde, en dan sê hy... en in vers sewe, in Hom het julle die verlossing deur Sy bloed. Hy gaan so aan, jy weet, jou kop begin te draai. Jy weet nie... o, dis nou baie... hy sê om hierdie rede, om die waarheid, om wie Jesus is, wat Hy vir ons gedoen het, om hierdie rede buig ek.

Weereens, dis feite, dis dogma, maar nou moet dit belewenis word. Nou moet dit eg word, real word, in jou lewe, en daarom bid ek. Dis deur gebed, maar dit is ook in die eerste plek deur die woord te ontvang, so dit gaan nie net oor die feit, okay, ek is verlos deur die bloed van Jesus nie. Nee, nee, nee, nee, nou het jy gehoor, maar wat sê Jesus? Jesus sê moenie net My woorde gebruik in julle Bybelstudies nie, Matteus 7, message. Hy sê, but work these words into your life. Jy moet hierdie woord ontvang. Jy moet aandag skenk, en dit is waar die gebruik van meditasie vandaan gekom het.

Maar nou moet jy met daardie woord sit, mediteer oor daardie woord. Werk daardie woord in jou lewe in. Jy moet omgaan met daardie woord, en dan bid jy daarvoor, en wat baie duidelik is as jy in die Nuwe Testament, in die kerk geskiedenis kyk, gebed is nie net vra nie. Gebed is ook luister, maar gebed is ook net om saam te wees, en die kerk het 'n woordjie in die sesde eeu... vierde eeu, sesde eeu het ons afgekrom, kontemplasie.

Dis nie net om te mediteer nie, maar dis ook om te kontempleer. Dis om net saam met God te sit, om daardie... met daardie nuwe bewussyn dat Hy my liefhet en dat Hy saam met my is, te begin lewe, met 'n vierde dimensie in die wêreld in te gaan waarin alles afspeel teen 'n Goddelike horison, is om so te... dan bid jy sonder ophou, het die kerkvader gesê, wat 1 Tessalonisense 5:18, 'n opdrag is in die Bybel wat ons moet doen. Dis al hoe jy dit kan regkry. So dit is... dis deur die woord, dis deur gebed, en dis iets wat jy doen saam met al die ander heiliges.

Paulus sê dat julle saam met al die heiliges sal begryp, al die heiliges. Dis iets wat jy op jou eie moet beleef saam met al die ander. Dis nie 'n individuele tog nie. Dis nie 'n alleen ervaring nie. Dis wanneer jy dit saam met ander kan doen. Ag, en ons kan baie sê daarvoor, maar miskien net iets oor al die heiliges. Sluit dit die dooies in? Ek dink ons doen dit saam met hulle. As ek die Bybel vat, daardie ouens is dood. Ek doen dit saam met Paulus.

Hy sê daar is 'n groot skare wat op die pawiljoen sit, gebruik 'n metafoer. Hulle is nie tot niet nie. Hulle is daar. Hulle deel in die Evangelie en hulle deel in hierdie lewe in die gees saam met ons. En jy kan iemand leer ken wat al dood is. Hy kan jou lei, hy kan saam met... deur sy... deur sy geskifte, deur sy gees, deur sy gesindheid wat gesnap is deur soveel ander mense, en wat daarmee leef en wat voortgaan om dit wat hy gesien het en dit wat hy beleef het, so jy kan nie op jou eie nie, want hy het te veel dimensies. Hy is te groot.

Jy weet, hy sê nie net saam met jou kerk se mense wat jy ken, wat elke... wat reg glo... nee, al die heiliges, saam met hulle, en dis hoekom ons hierdie openheid vir ander Christene ook moet hê, en ook moet luister, ook moet saam kyk wat vir ons 'n breedte, 'n lengte, 'n diepte van die liefde van Christus aan kan voorstel. Alles verander as jy dit beleef. Alles skuif in jou.

Dit het 'n groot effek op hoe jy dink oor jouself volgende week, wie jy dink jy is, wie jy is, waar jy is. Dit het 'n groot effek op wat jy dink oor ander mense, wie hulle is. Jou mensbeskouing, wêreldbeskouing, skuif, Godsbeskouing, skuif. Dis die drie grootste paradigmas wat in jou is, wat 90% van al jou besluite wat jy neem bepaal. Wat jy dink van God, wat jy dink van jouself, wat jy dink hoe die wêreld werk. Dit skuif alles as jy die liefde van Christus beleef en ervaar. Daar vind by jou 'n bekering plaas, en 'n bekering is nie net iets wat jy een keer moet doen nie. Jesus sê vir Petrus, jy moet jou bekeer. Hy is 'n dissipel van Jesus.

Jy moet jou bekeer. Om te bekeer, letterlik metanoia, in die Grieks, daar is... is to change your thinking. Een groot Nuwe Testamentikus van ons tyd sê dit beteken... meta beteken te move beyond. Jy moet self... dit beteken om daardie gewilligheid te hê om te beweeg verby dit wat jy kan begryp en vir dit wat jy kan verstaan. En dis iets wat



gereeld en aanmekaar... jy moet jou bekeer en jou bekeer, want jou gedagtes moet vernuwe word, dit moet verander word, maar dit gebeur wanneer jy...

En dan kan jy begin om God lief te hê, as jy iets sien, as jy iets beleef, nie van Sy abstrakte liefde nie, van Sy liefde vir jou. Dan skuif dit. Dit draai. Dis so die kern, dis so die hart van dit waaroor dit eintlik gaan. Jy word uitgenooi op hierdie journey om God lief te hê en te leer wat dit beteken, en die eerste stap daarnatoe is om God se liefde te beleef en te ervaar. Dan kan jy begin om Hom lief te hê, dan leer jy Hom ken. Dan kan jy jouself liefhê, jy kan ander begin liefhê. Kom ons bid saam.

Vader, ons dank U dat ons vanmôre hier kan saam wees. Ons dank U vir die woord van 'n lig is vir ons pad, en ons dank U dat ons vanmôre kan weet U het ons lief, want die Bybel sê so vir ons, en die geskiedenis vertel van U dade. U het gekom en U het gesterf vir ons. U is nou met ons. Here, help ons dat elkeen van ons die liefde van Jesus sal leer ken. Help ons om te begryp wat die lengte, die breedte, die diepte, die lengte van hierdie liefde is. Ons vra dit in die naam van Jesus, amen.

Paulus groet die gemeente in Korinte, dan sê hy, mag die liefde van God die Vader met elke een van julle wees, amen.



die leuens van 'god'

